higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

# VERVOEREKONOMIE
## NKR VLAK 4

(11020304)

**12 November 2024 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

122Q1N2412

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs swart of blou ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Hierdie netwerk verskaf die kortste roetes tussen punte teen 'n minimum koste omdat hulle passasier-kilometer- of ton-kilometerkoste tot die minimum beperk.

A Naaf-en-speeknetwerk
B Direkteskakel-netwerk
C Indirekteskakel-netwerk
D Direkte wolkskakel

1.2 Die verwys na die aantal passasiers of hoeveelheid goedere wat deur middel van die vervoerdiens vervoer kan word.

A Meubels
B Kapasiteit
C Goedere
D Vrag

1.3 Dit word per pyplyn na verskeie depots oor die land heen vervoer.

A Meel
B Gas
C Goedere
D Houers

1.4 Die buitelandsediensbestuurseenheid … .

A brei die land se uitvoerderbasis uit
B lok buitelandse belegging
C bevorder uitvoere en belegging in geteikende lande
D bevorder ontwikkeling

1.5 Die vernaamste kommoditeit wat Suid-Afrika uitvoer.

A Ru-olie
B Goud
C Platinum
D Steenkool

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Kommoditeite kan deur middel van die vervoermark ‘n ruk lank bewaar, vir iets anders geruil of gekoop word.

2.2 Baie vervoerdiensverskaffers in die vervoeromgewing wissel en pas tariewe aan, maar alle diensverskaffers se doel is om wins te maak.

2.3 Die oogmerk van enige vervoerdiensverskaffer is om ‘n volhoubare vervoerdiens te bied wat teen ‘n hoë prys in stand gehou kan word.

2.4 Wanneer daar ‘n afname in die prys, tyd, ongerief of risiko van vervoerdienste is, verhoog die verbruikers se aanvraag vir daardie vervoerdiens.

2.5 Wanneer pendelaars intermodale openbare vervoer gebruik, kan hulle na bykans enige bestemming van hul keuse reis teen ‘n laer prys as wanneer hulle met enkelmodale vervoer reis.

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Sluit al die individue in die vervoermark in | A | privaat motorvoertuie |
| 3.2 | ‘n Voorbeeld van privaat vervoer | B | modelle |
| 3.3 | Voorbeeld van elastiese goedere en dienste is … | C | meubels |
| 3.4 | Word bestuur met die doel om die doeltreffendheid van die vervoerstelsel te verbeter en sy fokus is op padvervoer | D | markvraag |
| 3.5 | Dit word gebruik om verskeie vervoernetwerke te integreer en kombineer | E | vervoer |
| | | F | intermodale vervoerketting |

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die tabel hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vervoeraanbod | ewewig | prys-onelasties | kommoditeit | houers |
| bestemmings | kontantvloei | bottelnekke | wins | intermodaal |

4.1 Vervoerbane is bewegings tussen oorspronge en … .

4.2 Indien vraag of aanbod … is, sal enige veranderings in die prys van goedere of dienste geen invloed hê op hoeveel gevra of aangebied word nie.

4.3 … is die geld wat oor is nadat die diensverskaffer al die koste verbonde aan die voorsiening van die vervoerdiens gedek het.

4.4 … word gedefinieer as die voorsiening van verskeie vorms van vervoer om in die markvraag te voorsien.

4.5 'n Sentrale eienskap in intermodale marine-vervoer is skeeps….

(5 × 1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 5

5.1 Identifiseer TWEE sleutelrolspelers in die vervoermark. (2)

5.2 Noem en verduidelik TWEE tipes indirekte koste. (2 × 3) (6)

5.3 Identifiseer DRIE toestande of faktore wat vervoerkoste beïnvloed. (3)

5.4 Beskryf VIER ekonomiese uitwerkings van vervoertariewe. (4 × 2) (8)

5.5 In tabelvorm, vergelyk die DRIE markte wat in 'n bepaalde vervoermodus funksioneer, wat mededinging en tariefbepaling vir daardie vervoerdiens sal bepaal. (3 × 3) (9)

**[28]**

## VRAAG 6

6.1 Bespreek VIER vraagpatrone wat vervoerdiensverskaffers nie kan beïnvloed nie. (4 × 3) (12)

6.2 Indien verbruikers kies om watervervoer te gebruik om in hul behoeftes te voorsien, bepaal hul vraag watter tipe skip vir dienste gebruik sal word.

Noem TWEE tipes skepe wat diensverskaffers kan gebruik. (2)

6.3 Gee ‘n volledige beskrywing van ‘n bottelneksituasie in die vervoeromgewing. (4)

6.4 Definieer die konsep *ewewigsprys.* (2)

6.5 Noem en verduidelik DRIE tipes koste wat op vervoervoorsiening van toepassing is. (3 × 3) (9)

**[29]**

## VRAAG 7

Lees die gegewe scenario en beantwoord die volgende vrae.

| |
|---|
| Motorvoertuie en vragmotors is uiters afhanklik van paaie. Daar is al hoe meer probleme op die paaie ‘n groter fokus deur die regering om meer paaie te bou. |

7.1 Verduidelik TWEE probleme wat op medium termyn opgelos kan word deur meer paaie te bou. (2)

7.2 Noem en verduidelik EEN tipe vervoerprys in vervoerbestuur. (3)

7.3 Beskryf TWEE voordele van intermodale vervoer. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

7.4 Kyk na die prent en beantwoord die volgende vraag.




Bespreek die stadiums in die verwerking en vervoer van tabak vandat dit 'n grondstof is totdat dit die klant bereik. (8)

7.5 Beskryf volledig die oogmerke van die volgende internasionale organisasies:

7.5.1 Internasionale Maritieme Organisasie (IMO)

7.5.2 Afrika-Burgerlugvaartkommissie (AFCAC)

(2 × 2) (4)

7.6 Verduidelik TWEE verantwoordelikhede van die eenheid vir beleggingsbevordering en -fasilitering. (2)

**[23]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou